
# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (47/15)

justchad_cga

*Justin Chadwick 11 Desember 2015*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "Three things cannot be long hidden; the sun, the moon and the truth" Buddha***


## OORSIG 2015: SAGTE SITRUS




| | 2014 | Skatting 2015 | 2015 |
|---|---|---|---|
| Satsuma | 1.78 | 1.80 | 1.73 |
| Clementine | 3.16 | 2.99 | 2.47 |
| Mandaryn | 4.88 | 5.24 | 5.61 |
| Totaal | 9.96 | 10.03 | 9.99 |

Beide die Satsuma en Clementine volumes was laer as 2014 en minder as die skatting wat in Maart voorberei is – dit is duidelik in die rooi pieke hierbo (2014) wat hoër is as die blou stawe (2015). Laat mandaryne aan die ander kant het voortgegaan om toe te neem, met 2015 se volumes wat beide 2014 en die Maart skatting oorskrei het.

Die VK bly die belangrikste mark vir Suid-Afrikaanse sagte sitrus – neem toe in terme van markaandeel. Hierdie toename was ook duidelik in Rusland en die res van die Europese Unie. Asië en die Midde-Ooste het minder Suid-Afrikaanse sagte sitrus ingevoer as in die vorige seisoen.




## BOODSKAP VAN DAFF: INSPEKSIEDIENSTE

Geagte Sitrusuitvoerders, Bestuurders van Koelkamers en Klaringsagente

Die geleentheid vir uitvoerders, koelkamers en klaringsagente om by DAFF: Inspeksiedienste vir die 2016 seisoen te registreer is nou beskikbaar. Gaan asseblief na die volgende webtuiste om te registreer: http://dev.cga.co.za/PhytClean/home.php

Registrasies vir PUCs en PHCs het reeds gesluit.

Die proses is eenvoudig maar daar is 'n stel instruksies op die webtuiste vir hulp beskikbaar.

Registrasies sluit op 29 Januarie 2016 (Smith Mamoraka, Direktoraat: Inspeksiedienste, MamorakaM@daff.gov.za)

## SUID-KOREA

Uitvoerders na Suid-Korea was versoek om 'n DAFF werkswinkel by te woon. DAFF het 'n lys versprei van daardie produksie-eenhede/pakhuise wat nie die werkswinkel bygewoon het nie en dus daarom nie vir uitvoer geregistreer is nie.